

Boeke

Dinge wat ek nie van skape geweet het nie deur Jaco Jacobs. Uitgewer: Lapa. Prys: R155.

Met Jaco Jacobs se *Dinge wat ek nie van skape geweet het nie* moet tienerlesers hulles liefste nie deur die titel laat mislei nie.

Ja, die skaap Delores speel weliswaar 'n hoofrol in Luan se alternatiewe vakansieverhaal, word 'n Twitter-sensasie met die hutswoord Deproskaap en spring die slagpale vry, maar dit gaan hier oor veel meer as net 'n paar interessante skaapfeite.

Treffende en slim hoofstuktitels soos "Piksoen", "Wat de dinges?" en "Ongemaklike vrae" verskaf leidrade én verseker dat dié boek nie maklik neergesit sal word nie.

Luan se storie is 'n grootwordverhaal waarmee baie seuns en meisies sal kan identifiseer, en in tipiese Jaco Jacobs-styl kronkel dit met onverwagse draaie deur die skrywer se geliefde Karoolandskap.

As straf vir sy moeilikheid by die skool moet Luan saam met sy eksentriekie ouma kuier-kuier die Karoo deurkruis en na windpompe soek. Sy wil 'n fotoboek saamstel, maar Luan ontdek gou sy het haar eie verskuilde agendas.

Lesers wat in Jacobs se vorige boeke al van sy oumakarakters ontmoet het, sal nie deur ouma Alice teleurgestel word nie. Sy is nou wel nie 'n rock- of rolprentster nie, maar was ook nie 'n tradisionele predi-

Leesgenot vir tieners

Vir Afrikaanse tienerlesers is daar 'n ál stewiger en boeiender boeke-aanbod om van te kies, skryf **Magdel Vorster** na aanleiding van Jaco Jacobs en Troula Goosen se jongste tienerromans.

kantsvrou nie en gebruik gemaklik woorde soos "skyt", "blerrie" en "hardegat".

Luan se opwindende vriendskap met die vegetariese blogger-en-boekwurm Lana, sy nuwe probleme weens sy mees onlangse misstap en veral sy nuwe verhouding met sy ouma lei hom om sy omstandighede in 'n ander lig te sien, keuses te maak en besluite te neem. En Delores? Sy is steeds bedrywig op die sosiale media by @deproskaap op Instagram en Facebook.

Raaiselklip deur Troula Goosen. Uitgewer: Human & Rousseau. Prys: R155.

Raaiselklip is oënskynlik 'n spookstorie met geskiedkundige plekke en gebeure as vertrekpunt. Dit speel in die 19de en 17de eeu af en daar word onder meer na Di Schouwburg of Komediehuus, die Fort de Goede Hoop en Dhouw, destydse hoof-

man van die Khoi verwys.

Maar moenie begin gaap nie, want dit wemel ook van wandelende dooies, 'n paar gewelddadige marteltonene, en Gabriël se potloodsketse word lewendig om as leidrade vir sy soektog te dien.

Hoewel die verhaal op sigwaarde geniet kan word, sal 12- tot 14-jarige lesers veel meer as net 'n paar rillings of die ontrafeling van die klipraaisel daaruit kry. Die skrywer verskaf genoeg leidrade wat weetgeriges sal laat googeleer: Zytia, die slavin wat Gabriël help om sin van sy oënskynlike opdrag van sowat 200 jaar gelede te maak, se weerwolfskat se naam is byvoorbeeld Lyca. Dis 'n allermins lukrake keuse: Lykoi is 'n mutasie van die bekende huiskat en word ook 'n weerwolfskat genoem... gaan loer gerus.


Die taalgebruik en dialoog is deurgaans

funksioneel en geloofwaardig en ouerwete woorde soos maters en verdorie en Maleierwoorde soos kaparrings en tamaaf word gebruik om die Nederlands-Kaapse atmosfeer te versterk.

Dit kan plekplek outyds klink, maar dié wat summier hierdeur afgeskrik word, sal 'n paar boeiende, onvoorspelbare avonture misloop.

Is *Raaiselklip* dus 'n gotiese avontuurverhaal, historiese roman of spookstorie? Dit maak nie saak nie - ek stem ieder geval vir "verdorie" of "verdomme" eerder as hulle moderne, eendersklinkende eweknie wanneer daar geskrik word!

■ **Magdel Vorster** is 'n voormalige kinderbibliotekaresse en eienaar van 'n kinderboekwinkel wat vir oorsese publikasies ook plaaslike boeke in dié genre skryf.



Op DStv-kanaal 147

HUISgenoot WARE LEWENS DRAMAS

Die stories van ons tyd via Huisgenoot se kenners

Donderdae 20:00 // Sondag 21:00

Vanaf 16 Augustus

via.

via viatv.co.za [f](https://www.facebook.com/via.tv) via tv [@viatv](https://twitter.com/viatv)

Beeld Kinderfonds **SPINNING MARATHON**

Kom op jou eie of bring 'n span!

08:00 - 14:00

6 Sessies
45 minute elk

SATERDAG
15 SEPTEMBER
Irene Village Mall

Kry jou inskrywingsvorm by www.beeldkinderfonds.co.za
Navrae: 076 597 1282 / info@beeldkinderfonds.co.za
Sien Beeld-Kinderfonds se Facebook-blad vir meer inligting.

ACTIVE **KWE** **Peloria 104.2 FM** **J.H. RETIEF**
Global Logistics Partner **Removals & Logistics**

Beeld
Jou wêreld, jou keus